Aangepaste vlak 1 inperkings soos op 31 Januarie 2022:

- Skole roteringstelsel en 1 m sosiale afstand afgeskaf.
- Mense wat positief toets vir COVID-19, maar geen simptome ervaar nie, hoef nie meer te isoleer nie.
- Mense wat positief toets én COVID-19 simptome ervaar, moet steeds isoleer, maar die tydperk van isolasie is van 10 tot 7 dae verkort.
- Mense wat in kontak was met 'n COVID-19 positiewe persoon hoef nie te isoleer nie, tensy hulle COVID-19 simptome ervaar.
- Begrafnisse word steeds tot 100 persone beperk, met maksimum 2 ure. Nagwake voor en byeenkomste na 'n begrafnis bly steeds verbode.
- Die dra van maskers is om jouself te beskerm, aangesien gevalle wat positief toets sonder simptome, nie hoef te isoleer nie.
- Die volgende gesondheidsprotokolle bly steeds in plek: ontsmetting van hande, neerskryf van kontakbesonderhede.

Manne Reisgesprek Vrydagoggende

Weekliks volgens die kalender
Volgende geleentheid:
18 Februarie 2022
Koffie 05:15 Gesprek 05:30

Gawebediening: Blombeurte

Blomme rangskikkings word van tyd tot tyd met sekere geleenthede vir eredienste in die kerk geplaas om die liturgiese ruimte te verfraai deur 'n groepie vrywillige lidmate.
As jy geroep voel om deel te wees van dié groepie, kan jy gerus vir Josephine kontak by:
082 830 5337
Sy is deurentyd op soek na gewillige hande.

HELDERBERG UITREIK: BRIGHT LIGHTS

Bright Lights het 'n groot behoefte aan rekenaartoerusting. Daar is ongeveer 9 seuns wat om verskeie redes nie in 'n hoofstroom skool geplaas kan word nie en daar word gepoog om aan hierdie seuns basiese rekenaaropleiding te gee. Dit sal hulle selfvertroue opbou en hulle die gevoel gee dat hulle ook "skool gaan".
As daar gemeentelede is wat "ou" rekenaartoerusting soos skootrekenaars, staantipe rekenaars, rekenaarskerms, sleutelborde, muise of enige ander rekenaarkomponente (in 'n werkende toestand) het wat hulle vir die seuns beskikbaar kan stel, sal dit 'n groot verskil in hierdie seuns se lewens maak.
Vir verdere inligting is u welkom om met my te skakel.
Annemarié Hollenbach 082 784 8841

BYBELSTUDIE STORMHAVEN PARK

24 Februarie 2022 om 10:00
Koördineerder: Coenie Basson – 082 552 1850

Kategese

- Junior kategese (voorskool tot graad 6) tydens die erediens in die kerksaal.
- Senior kategese na die erediens in die onderskeie lokale in die kerksaal.

Junior kategese: 6 Feb: Jou Amazing Race begin by die kruis

Elke wedloop begin êrens. Die Twee Oseane se wegspring is in Dean Straat, Newlands, oorkant die SA Brouery. Om betyds weg te spring moet jy al half vier uur die oggend opstaan om van Somerset-Wes te ry en jou kar êrens te parkeer. Duisende mense staan vir honderde meters die hele straat vol en wag om weg te spring om dan vir byna die hele dag lank te hardloop, te draf, te loop en uiteindelik te skuifel totdat jy op die rugbyveld van die Universiteit van Kaapstad anderkant die wenstreep inmekaarsak.
Die Christen wedloop begin by die kruis. Jesus het geloop, geskuifel en uiteindelik inmekaar gesak sodat ons 'n beginpunt as Christene by die kruis kan hê. Sondag se junior kategese gaan oor die kruis, die beginpunt van ons "Amazing Race".

PROGRAM: KATEGESE vir JUNIOR FASE (Voorskool tot graad 6)

Datum	Aanbieding	Aanbieder
06 Feb	Jou Amazing Race begin by die kruis	Merizle
13 Feb	Luister na jou afrigter se stem	Hennie
20 Feb	Heilige Gees energie	Suzelle
27 Feb	Om die doel te dien	Merizle
06 Mrt	Bekendstelling: Aerobiese oefenklas	Hennie
13 Mrt	Oefen saam met die span	Suzelle
10 Apr	**Gesinsdiens**: Amazing Race - Paasfees	Werner
24 Apr	Woord-vitamines	Merizle
08 Mei	Strek- en asemhalingsoefeninge	Hennie
15 Mei	Asem in, asem uit!	Suzelle
22 Mei	Hou jou voete fiks	Merizle
29 Mei	Pinkster	Aanbieders
05 Jun	Pinkster	Aanbieders
12 Jun	Pinkster	Aanbieders
24 Jul	**Gesinsdiens**: Amazing Race	Werner
31 Jul	Bekendstelling: Menslike hindernisbaan	Hennie
14 Aug	Hou by die reëls	Suzelle
21 Aug	Ken jou opponent	Werner
28 Aug	Trek aan vir aksie!	Merizle
04 Sep	Hindernisse in die pad	Hennie
11 Sep	Vat vlam!	Suzelle
18 Sep	Bekendstelling: Mini Olimpiese Spele	Merizle
25 Sep	Opgee is nie 'n opsie nie!	Hennie
16 Okt	**Gesinsdiens**: Amazing Race	Werner
23 Okt	Comrades kampioene	Suzelle
30 Okt	Sien die skare	Merizle
06 Nov	Wanneer die eindfluitjie blaas	Hennie
13 Nov	Prysuitdeling	Suzelle
20 Nov	**Gesinsdiens**: Kategese afsluiting en kersfees	Werner